SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
Nasionale Kantoor / National Office

SAOU

Nuusbrief / Newsletter

012 436 0900 / 086 072 6843 012 348 9658 saou@saou.co.za

NUUSBRIEF 17 NEWSLETTER 20/04/2015

| SALARISONDERHANDELINGE 2015<br>PROTESOPTOG OP 23 APRIL<br><br>SAOU NEEM NIE DEEL NIE | SALARY NEGOTIATIONS 2015<br>PROTEST MARCH ON 23 APRIL<br><br>SAOU WILL NOT PARTICIPATE |
|---|---|
| Daar is reeds aan lede gekommunikeer dat die Staat 'n dispuut verklaar het na aanleiding van die gebrek aan vordering by die onderhandelingstafel in die SKBR.<br><br>Lede het na alle waarskynlikheid ook kennis geneem dat protesoptog(te) beplan word vir Donderdag 23 April 2015. Hierdie optog(te) word deur die COSATU vakbonde beplan. Die beplanning is dat dit in Pretoria sal plaasvind, maar dat ander sentrums na alle waarskynlikheid nie uitgesluit kan word nie.<br><br>Dit is belangrik om uit te wys dat die deelname aan 'n protesoptog binne die definisie van 'n staking val. In hierdie geval is nie kennis gegee in terme van Art 64 van die WAV nie, en sal gevolglik onbeskermd wees.<br><br>Die SAOU berig hiermee aan sy lede dat die SAOU nie deelneem aan hierdie protesoptog nie agv die feit dat dit onbeskermd is en lede blootstel aan dissiplinêre optrede, sowel as toepassing van die beginsel van "geen werk, geen betaling".<br><br>Bepaalde leiers van die SAOU sal wel in solidariteit deelneem aan die optog, maar op so 'n wyse dat lede nie blootgestel word aan die negatiewe gevolge soos hierbo uitgestippel nie.<br><br>Die benadering tot die protesoptog van 23 April sluit definitief nie die moontlikheid dat die SAOU in die toekoms aan arbeidsaksie sal deelneem uit nie, en veral in die geval as daar 'n formele dooie punt in die SKBR verklaar word nie. Lede sal egter formeel deelneem aan 'n stemming alvorens tot die stap oorgegaan word. | In an earlier newsletter it was communicated to members that the State declared a formal dispute in the PSCBC as a result of the lack of progress in the negotiations.<br><br>In all probability members also took note that a protest march(s) is planned for Thursday 23 April 2015. This protest march(s) is planned by the COSATU unions. The planning is that it will take place in Pretoria, but that other centres will in all probability not be excluded.<br><br>It is important to note that participation in a protest march falls within the definition of strike action. In this case formal notice was not given in terms of Section 64 of the LRA, and will therefore be unprotected.<br><br>Members must note that the SAOU will not participate in this protest march as it is unprotected and exposes members to disciplinary action as well as the application of the principle of "no work, no pay".<br><br>Certain leaders of the SAOU will participate in the march to show solidarity, but in such a manner that it will not expose members to the negative effects as explained here above.<br><br>The current approach to the protest march of 23 April definitely does not exclude the possibility that the SAOU may participate in future protest action, especially in the event that a formal dead lock is declared in the PSCBC. Prior to such action, members will be able to participate in a ballot and express their views. |